UITGAWE 8, APRIL 2022

Fontiepos

BRIEF VAN DIE REDAKTEUR

BESTE LESER

Of jy nou ŉ student of selfs 'n personeellid is, by Akademia maak ons die hele tyd saam geskiedenis, want ons is pioniers. En hiervan getuig hierdie studentenuusbrief, deur die studente vir die studente.

Aangename kennis, ek is Elisma van der Watt, ŉ tweedejaarstudent in BA (Kommunikasie en Joernalistiek). Ek is gebore en getoë in die Weskus in ŉ klein dorpie, genaamd Vredenburg. Ja, jy's korrek. Presies daar waar die netwerk stadiger is, almal kaalvoet loop en ŉ ander tipe Afrikaans praat.

As daar een ding is wat ek oor die afgelope twee jaar geleer het, is dit dat tyd werklik vir niemand van ons stilstaan nie. Dit is belangrik om te weet dat van die beste dae van ons lewens nog vir ons voorlê, daarom is dit vir ons 'n prioriteit om dele van ons studentekultuur vas te vang in hierdie nuusbrief.

Die doel van hierdie studentenuusbrief is om die studente op hoogte te hou oor die nuutste en belangrikste studenteaktiwiteite wat plaasvind. Nie net wil ons die Fonties ingelig hou nie, maar almal betrek in hierdie nuusbrief.

Hierdie studentenuusbrief sal ook een keer per maand elektronies na studente gestuur word. Die redaksionele inhoud is so uiteengesit dat daar 'n storie vir elkeen is, van studentelewe op kampus, die koshuiskultuur na aktuele sake, kuns, sport en vermaaklikheidsinhoud.

Ek is opgewonde om hierdie termyn my skoene as redakteur vol te staan, saam met die redaksiespan hande te vat en om elke geleentheid met entoesiasme aan te gryp.

Ek hoop julle is reg vir die topgehalte inhoud wat voorlê.

Groete
ELISMA VAN DER WATT

Weet jy van ʼn student wat in nauurse of voltydse studies belangstel?

STUDIEAANSOEKE VIR 2023 IS OOP

Besoek ons webblad vir meer inligting

AKADEMIA HET OP 3 MAART 'N DEKADE SE PIONIERSWERK GEVIER

Lees die hoogtepunte hier || Volg Akademia se feesvieringe by 10jaar.co.za

BESOEK DIE BOEKE-EN-BONEKLUB

Kom kuier saam oor ʼn koppie koffie en gesels oor jou gunstelingboek.

Kontak Myrtle Endley, SR-lid en organiseerder van die klub, hier as jy graag wil aansluit

STUDENTEKALENDER

APRIL

26 Blitsskaaktoernooi

27 Potjiekoskompetisie

29-2 Mei Stapklub – Kaapse Hoop-staptoer

MEI

6 Ma-en-Dogteraand

8 Akademia-kooroptrede

13 Akademia se koorfees

18 Erfenisaksie – besoek aan die Voortrekkermonument

19 AfriForum Jeug Cantus

21 Eksamentyd begin

25 Afrikadag

30 Eksamentyd eindig

LEKKERLEESARTIKELS

Tinus Dodds, toesighouerkoördineerder, vertel meer oor studentwees by Akademia. **Lees meer hier.**



ŉ Fontie het ŉ interessante meningstuk oor die filosofie van kultuur geskryf. **Lees meer hier.**

Die eksamen is om die draai. Wonder jy hoe om breinfiks te bly? **Lees hier** wat Elisma van der Watt skryf oor die eksamentyd.

Een van Akademia se nauurse studente gesels oor hoe om werk en studies te balanseer. **Lees hier** oor wat Chantelle van der Meulen sê.

Die SR bou ŉ verhouding met die Akademia-direksie. **Lees hier** oor die geskenk wat die direksie op 3 Maart 2022 ontvang het.

FONTIEFLATER

Fontie verneem dat die studente se fokus van hulle akademie verskuif het na klandestiene operasies wat lere, visse en die verskuiwing van strelitzias behels. Dit is dalk maklik om teen ŉ leer op te klim, maar Strelitzia-dames moet maar eerder blom waar hulle geplant is en nie met die visse die leer probeer afklim nie.

Fontie sou wel nie kon droom dat Valorem-studente so baie van Huis Strelitzia hou dat hulle selfs strelitzias op die kampus sal plant nie. Raino is skoon vuur en vlam oor sy nuwe stokperdjie.

Hennies, Hennies, Hennies ... oftewel Huis Hennops, julle moet maar versigtig wees met julle Oom Olifant-krete. Fontie is soms bekommerd dat julle bewegings gaan veroorsaak dat julle soos hane op julle werf kraai soos wat julle arms swaai.

Mag dieselfde Marcus en Aurelius in hulle visbak bly, mag die Strelitzia-vaas altyd gevul wees en mag Oupoot nooit van sy klasse vergeet nie.

DEEL JOU BYDRAE TOT FONTIEFLATER HIER.

Ns. Fontie ontvang graag geheime boodskappe in 'n bottel, maar mag dit asseblief so vol wees soos die bottel wat sekere bure van sekere studente gekry het. Fontie hoop maar net dat die kwaai tannie wat die bottel gekry *het darem al ge-relax het ‘n al is dit ook net haar perm.*

So sê ŉ nauurse student

> **“Die nauurse onderrigmodel by Akademia bied jou die geleentheid om die beste van beide wêrelde te ervaar, ŉ waardevolle kwalifikasie, ŉ aktiewe studentelewe en die geleentheid om te begin bou aan jou loopbaan.”**

– Abigail Fourie, BCom (Ondernemingsbestuur)-student

STUUR ENIGE VOORSTELLE VIR NAUURSE AKSIES HIER

Die redakteur se toptienstories

1. BOEKE-EN-BONEKLUB

Met die Boeke-en-boneklub sien Akademia-studente ŉ geleentheid waar hulle meer kan leer oor die boek- en koffie-industrie. Die Boeke-en-boneklub het vroeg Februarie afgeskop met ŉ koffiewinkelbesoek en ŉ lekker boek.

Die groep wat bestaan uit ongeveer 22 lede is op die oomblik besig met The Little Prince deur Antoine de Saint-Exupéry.

Die Boeke-en-boneklub is ŉ spesiale plek waar studente bymekaar kan kom en gesels oor goed waaroor hulle passievol voel.

“Die klub is ŉ plek waar ons met mense te doen kry wat net so opgewonde is om te lees en meer te leer oor die wêreld rondom hulle,” het Myrtle Endley, SR-lid en voorsitter van die Boeke-en-boneklub gesê.

Sy het verder gesê dat die Boeke-en-boneklub ŉ veilige vesting is vir koffie en boekliefhebbers.

Die volgende byeenkoms vind plaas op 21 April. Vir meer inligting kan jy gerus Myrtle Endley hier kontak.

2. RUGBYTOERNOOI VAN 2022

Akademia se eerste sewesrugbytoernooi het op 12 Maart 2022 plaasgevind. Die toernooi is geborg deur Buffelsfonteinbrandewyn. Die spelers het groot pret gehad en dié geleentheid het ŉ spanbougees wakker gemaak in ons rugbyspan.

“Ons het baie potensiaal en ons gaan nog baie dinge doen as ŉ span,” het Daniël Visser, SR-voorsitter en rugbyspeler, gesê.

Die span is gereed vir nog vele oefensessies en wedstryde. Akademia se rugbyspan neem deel aan klubrugbysessies en kom een keer ŉ week bymekaar. As jy ŉ bal kan vang en belangstel in rugby kan jy gerus vir Daniël Visser vir meer inligting kontak.

3. EERSTEJAARSKAMP

Die opgewonde eerstejaarstudente van Akademia het op 1 Februarie 2022 na Zwartkloof Privaat Natuurreservaat, buite Pretoria, vir die jaarlikse eerstejaarskamp vertrek. Die eerstejaarskamp is bygewoon deur nauurse studente van dwarsoor die land, asook eerstejaarstudente wat voltyds by Akademia se Centurion-kampus studeer.

Ná die afgelope twee jaar se suksesvolle eerstejaarskampe het die belangstelling verdubbel vanaf verlede jaar. ŉ Groottotaal van 183 blinkoog nuwe Fonties het in die busse geklim om bande te bou met medestudente, die studenteraad en personeel.

"Die eerstejaarskamp was vet pret, alhoewel ons lekker moeg was van al die aktiwiteite. Al die terugvoer wat ek van die eerstejaars ontvang het, is besonders en mens kon sien dat elkeen dit regtig geniet het," sê Myrtle Endley, SR-lid van Akademia wat die kamp bygewoon het.

Klik **hier** vir die video.

WILDSWINKEL

AKADEMIA
SEDERT
A
2012
0:03 / 2:10

4. WÊRELDPOËSIEDAG

Akademia se koshuisstudente het op 20 Maart 2022 Wêreldpoësiedag gevier deur ŉ gedig te skryf. koshuis@Leriba se twee koshuise en Huis Valorem het elk vir hul spesifieke koshuise ŉ pragtige gedig geskryf.

Die dameskoshuis, Huis Strelitzia, se gedig is "Sy". Die gedig is opgedra aan elke dame wat deel van Huis Strelitzia is. Met die mooi vers; "Sy het die mag om vryheid te laat voortkom in die harte van almal wat deur haar poorte kom."

Huis Hennops het aan die broederskap wat by die manskoshuis gevorm word ŉ gedig opgedra. "In Huis Hennops waar die broers vergader, vind ons ons krag in ons Hemelse Vader."

Die gedig het verder die gevestigde krag in God wat dié koshuis het beklemtoon. Huis Valorem se gedig het oor die klasdraf by Akademia geskryf. "ŉ Vuur brand binne my soos wat ek my klasdrafskoene afstof om te gaan luister na ŉ prof."

Die drie gedigte is uitgebeeld in ŉ skildery wat tans teen Akademia se kampusmure hang.









5. EERSTE INBLY-NAWEEK

Die twee koshuise by koshuis@Leriba, Huis Strelitzia en Huis Hennops, asook die daghuis, Huis Valorem, het van 25 tot 27 Februarie hul eerste inblynaweek gehou. Hierdie naweek het ŉ uitstekende geleentheid vir studente gebied om die koshuislewe volwaardig te benut. Die naweek het ŉ nuwe atmosfeer by die koshuise geskep en die studenteverhoudinge versterk.

Saterdag het die studente se gees hoog geloop met ŉ program vol sportaktiwiteite soos toutrek, tafeltennis, vlugbal en snoeker. Die naweek is afgesluit met ŉ spesiale optrede deur elke gang van die koshuis en deur saam middagete te eet as koshuisfamilie.

"Die eerste amptelike inblynaweek het vir ons as koshuisouers net weer bevestig hoe ontsettend spesiaal dit is om verblyf met hierdie wonderlike jong mense te deel. Iets wat vir ons uitgestaan het, was hoe almal by alles betrek is en die lag en samehorigheid van studente," vertel Tinus Dodds, koshuisouer.

6. SKILDERY WAT AAN DIE DIREKSIE GEGEE IS

Die studenteraad (SR) het besluit om ŉ geskenk aan die direksie van Akademia te gee ter viering van hulle tien jaar van klasgee. Die geskenk is oorhandig op Akademia se verjaarsdagviering op 3 Maart 2022. Ná ŉ lang gesprek in een van die SR-vergaderings is daar op ŉ skildery besluit.

"Die gevolgtrekking van die gesprek was dat nie net moet ons Akademia se verjaarsdag vier nie maar ook die mense wat Akademia tot stand gebring het en lei," het Megan Meyer, SR-ondervoorsitter, gesê.

Daarom het die SR besluit om ŉ geskenk te gee om dankie te sê vir die direksie se leiding, bou en voorbeeld die afgelope tien jaar.

"Sonder die direksie sou ons as studente nie die geleentheid gehad het om in Afrikaans te kan studeer nie en wou ons ons dankbaarheid fisies wys deur middel van ons geskenk," het Meyer gesê.

Lees die volledige storie hier.

7. KOSHUISHANDELSMERKBEKENDSTELLING

Op 4 April 2022 is daar weer geskiedenis gemaak. By koshuis@Leriba en ons Centurion-kampus is die eerste koshuishandelsmerkbekendstelling van Huis Strelitzia, Huis Hennops en Huis Valorem. Dié koshuise is die eerstes van nog vele meer. Huis Hennops is ŉ manskoshuis en Huis Strelitzia is die dameskoshuis by koshuis@Leriba. Huis Valorem is op die Centurion-kampus en dit dien ook as ŉ dagkoshuis.

"Ons is so opgewonde oor al die tradisies wat voorlê," het Marisha Hermann, SR-lid vir koshuise gesê.

Huis Hennops het die koshuisgees hoog gehou toe hulle ŉ olifant as hul mascot gekroon het.

HUIS
VALOREM

huis
STRELITZIA

HENNOPS
STRELITZIA

HUIS
HENNOPS

Akademia se dagkoshuis, Huis Valorem, se mascot-bekendstelling was ook gevier. Twee klein goudvissies bly saam met dié daghuisstudente van Akademia.

As jy na studenteverblyf op soek is, stuur gerus ŉ e-pos na studenteverblyf@akademia.ac.za

8. OPEDAG VIR 2023

Akademia het sy eerste kampusopedag vir die jaar gehou op 8 en 9 April. Die eerste dag het afgeskop met die Elite Fontie-byeenkoms van al die toppresteerders van skole. Die klomp voornemende studente het na ŉ inspirerende toespraak van Simoné Nortmann-Pretorius geluister. Daarna het hulle deur Akademia se kampus geloop waar hulle raad oor hul loopbaankeuses gebied is.

Op 9 April het Akademia al vanaf 07:30 studente en ouers ontvang wat in die instelling belangstel. Ongeveer 360 voornemende studente het Akademia besoek oor die twee kampusopedae.

"Ons is opgewonde oor al die belangstelling en ons is bly dat ons die geleentheid gehad het om vir ons gemeenskap te wys wat ons het om te bied," het Paul Vogel, bedryfshoof van Akademia gesê.

Klik **hier** vir die video.

9. DEBAT- EN SKAAKAKSIES

Een van die studente-aksies by Akademia behels debat en skaak. Op 15 Februarie 2022 is die eerste debat- en skaaktoernooi gehou. Die geleentheid is oop vir nauurse studente van Akademia, sowel as voltydse studente.

Daar vind elke Dinsdag debat en skaak plaas. As jy in skaak of debat belangstel, kan jy gerus aansluit via die Spens deur die studentesake- of studentelewe-afdelings te besoek.

10. KOSHUISGEES

Die koshuise is besig om sterk tradisies te skep wat ŉ fonasie neerlê vir toekomstige studente van Akademia. "Akademia se studenteraad (SR) is besig om ongelooflik baie moeite in ons studentelewe te sit en daar broei so baie tradisies uit wat ons studentelewe in die toekoms in gaan dra," het Mareli Swanepoel, projekbestuurder van Akademia gesê.

Die SR het soveel vryheid om aan nuwe idees te dink, aangesien hulle die eerste is om die tradisies uit te dink en neer te lê. Om ŉ studentelewe te ontwikkel is moeite, veral as daar nie vorige jare is om op terug te val nie. "Die SR doen egter ongelooflik goed," het Swanepoel verder gesê.

AKADEMIA SKITTER

NOU OP TIKTOK

Volg ons by @onsakademia

Deel jou idee vir TikTok hier

Wees deel van die dekadefees van Akademia

Besoek Die Winkel vir spesiale tien-jaar produkte

KLIK HIER

STUDENT WERF STUDENT

Vir elke geregistreerde student wat jy verwys het, kry jy R 250 in die sak. Dus hoe meer jy verwys, hoe groter word jou beloning. Waarvoor wag jy? Vertel jou vriende, familie en kollegas van Akademia.

KLIK HIER VIR MEER INLIGTING

Sterkte aan alle mede-Fonties wat op 21 Mei met semestertoetse en eksamens begin!

ONS IS TROTS OP JULLE

JAAR
ŉ Dekade van
PIONIERSWERK
PINOTAGE
Vervaardig in Suid-Afrika

Akademia stel bekend

die Akademia-wyn ter viering van ŉ dekade van pionierswerk

ŉ Sagte pinotage met ŉ aroma van pionierskap

KOOP JOU WYN HIER